# MALAN

FAMILIEBOND

Navrae: J C Malan, Posbus 10215, Linton Grange 6015. Tel: (041) 742010 WINTER 1991


**Geskiedkundige Malan-byeenkoms • Nuusbrief-reaksie! • Nuwe Lede • Malan durf Twee Oseane aan • 48 Jaar Getroud**

## MORMOONSE TABERNAKEL BESOEK — ONTMOETING MET 'N UTAH-MALAN

Op versoek van redaksie het mnr J.D. Malan van Silvermyndorp 109, Noordhoek, ingestem om sy interessante besoek in 1980 aan Salt Lake City, Utah, met ons te deel. Mnr Malan was onder andere dertig jaar lank orrelis van die Groote Kerk in Kaapstad. Mnr Malan vertel:

"Voor ons beoogde buitelandse reis het dr Schneider, orrelis van die Mormoonse Tabernakel in Salt Lake City en sy eggenote, 'n besoek aan die R.S.A. gebring. By geleentheid van hulle besoek aan Kaapstad, het ons mekaar ontmoet en het ek hom die orrel in die Groote Kerk gewys. Ná afloop van 'n oggenddiens wat deur hom bygewoon was, het hy die orrel gespeel. Hy het my 'n boekie van hul Tabernakel-orrel as aandenking gegee, en ons genooi om hom in Salt Lake City te besoek. Die besoek het natuurlik a.g.v. ons eie reisprogram, heelwat later plaasgevind.

Die stad Salt Lake is naby twee mere geleë, die een het soet water wat vir besproeiing en algemene gebruik benut word, die ander een is sout, wat direk aanleiding gegee het tot die stad se naam.

Die Tabernakelkantoor het gereël dat 'n sekere mnr en mev Smith as ons gidse sou optree. Hulle was baie meer as gidse en ons het goed genoeg bevriend geraak om vir 'n wyle met mekaar te korrespondeer. Die

(vervolg op Bls. 2)



*J.D. (Japie) Malan (Silvermyndorp, Noordhoek), links saam met 'n **Utah-Malan**, voor lg. se huis in Salt Lake City — 1980.*

☆☆☆

## RIAN MALAN

### — Wie is hy werklik?

*Deur Hercules Malan*

Die boek "My Traitor's Heart" deur Rian Malan is tans 'n topverkoper in Suid-Afrika nadat dit baie goed in die V.S.A. ontvang is.

In die boek word breedvoerig uitgewei oor David Malan van Slagtersnek-faam en sy seun Hercules Philippus, wat aan die Groot Trek deelgeneem het en saam met Piet Retief vermoor is. Die indruk word gewek dat Rian 'n afstammeling van hierdie persone is en ook naby verwant is aan dr D F Malan, 'n vorige Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika.

Terwyl dit sekerlik 'n skrywer se goeie reg is om die feite te

(vervolg op Bls. 2)

## Mormoonse Tabernakel Besoek

*(vervolg)*

Smiths het dan ook gereël dat ons die Donderdagmiddag-orreluitvoering in die Tabernakel kon bywoon. As spesiale gaste was ons die enigste wat langs die speeltafel gedurende die uitvoering gesit het. Ná afloop hiervan is ek die geleentheid gegun om op die orrel te speel.

Die volgende Saterdag het ons geen vaste program gehad nie en het ek die telefoongids vroeg-vroeg geraadpleeg en die eerste Malan gebel. Daar was geen antwoord, dus het ek 'n tweede Malan geskakel. 'n Baie vriendelike mev Malan het geantwoord en my telefoonnommer gevra en gesê dat sy 'n Malan sou kry om my te bel. Kort daarna het 'n man geskakel wat hom as 'n Malan voorgestel het. Hy was redakteur van 'n oggendkoerant. Hy het ons uitgenooi vir middagete en 'n ontmoetingsplek is gereël.

Ons het die oggend in die stad rondegeloop en onder andere die Anglikaanse (Episcopal) katedraal besoek wat ons laat voel het dat die hele gemeenskap nie Mormoons is nie! Soos afgespreek het mnr Malan ons kom afhaal en na sy huis geneem. Sy vrou was nie op daardie stadium tuis nie omrede sy die beoordeling by 'n blommeskou moes behartig. Met haar tuiskoms het sy 'n foto van ons twee geneem. Die familietrek is duidelik sigbaar. Eienaardig hoe ons onmiddellik by die Malans tuisgevoel het: bloed is onteenseglik dikker as water.

Die Malans het ongeveer 1850 uit Italië na Salt Lake City verhuis. Hulle hét soos die Suid-Afrikaanse Malans, ook nie die familietrekke verloor nie, en uit die portrette wat hy aan ons gewys het, was daar gesigte wat die ewebeeld van welbekende Suid-Afrikaanse Malans weerspieël.

Hy het ons later op 'n toer van Salt Lake City geneem. By die standbeeld van Joseph Smith het ons afgeklim om dit van nader te bekyk. Smith het 'n epiese trek deur die woestyn met ossewaens en 'n groot gevolg onderneem. Die standbeeld dui die plek aan waar Smith halt geroep het met die woorde: "This is the place". Hulle het dit as goddelike wonderwerk beskou om met so 'n groot gevolg die woestyn te deurkruis sonder om deur die Rooihuide uitgemoor te word of van dors om te kom. Met groot deursettingsvermoë het Smith dit vir die tweede maal gedoen, en weer 'n groot aantal volgelinge deur die woestyn gelei.

Die volgende dag, Sondag, was ons die eregaste by die kooruitvoering in die Tabernakel. Voor die uitsaaidiens begin het, is ons spesiaal verwelkom en aan die gehoor voorgestel.

Ons was dankbaar om in die vreemde soveel hartlikheid en vriendelikheid te ervaar. Ek was diep beïndruk deur die Mormone se benadering tot 'n gewone lidmaat. Hy volg 'n lewenswyse wat deur die kerk geskep is en wat baie sterk christelik in sy opvatting is. Hy lewe nie meer vir homself nie, maar vir die kerk en sy medemens. Gesinslewe is van uiterste belang. Elke Maandagaand is gesinsaand, en pa en ma moet die aand in die kinders se geselskap deurbring. Die kerk het riglyne opgestel waarvolgens die familie die aand nuttig kan bestee tot heil van die kinders. Ook ag die kerk dit noodsaaklik dat elke mens sy herkoms moet vasstel. Ek sal nie oor die redes hiervoor uitwy nie. Weens hierdie standpunt egter, is genealogiese navorsing vir hulle van uiterste belang en is Salt Lake City een van die grootste sentra in die wêreld wat dit betref.

Bogenoemde is maar enkele van my persoonlike indrukke wat ek ervaar het. Dit moet dus nie as outentieke weergawe van wat die Mormone verkondig nie, aangesien ek en nie 'n deskundige op dié gebied is nie. Ek kan nog baie vertel, van hulle sosiale en finansiële ondersteuning aan lidmate van die tempel en die heilige deel waar slegs die mees geestelike ontwikkeldes kon ingaan, hulle opvatting van die huwelik, en hoe 'n mens trou sweer nie alleen vir hierdie lewe nie, maar ook vir die lewe hierna.

Die Malans van Salt Lake City behoort hart en siel aan die Mormoonse Kerk. Dat hulle lewenswyse en uitkyk op die lewe deur hulle geloof bepaal word, ly geen twyfel nie. Ek kyk terug met baie positiewe en aangename herinneringe aan my besoek aan die stad."

---

*(vervolg)*



***Rian Malan** is in 1954 in Suid-Afrika gebore. Hy het as joernalis in Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika gewerk. Hierdie is sy eerste boek.*

herrangskik om by sy storie te pas, is dit eweneens die amptelike genealoog van die Malan-familiebond se plig om op aansprake van Malan-afstamming in te gaan en op die korrekte feite te wys.

Rian is 'n afstammeling van Stephanus Malan (b6c7), 'n jonger broer van die bekende David Malan. Sy volledige afstamming is soos volg:

Jacques (1665—1742)
David (1708—1792)
Stephanus (1756—1836)
Stephanus Hieronimus (1801—1873)
Adriaan de Waal (1829—1897)
Stephanus Jacobus (1883—1953)
Adriaan (1920—)
Rian (1954—)

Hieruit kan gesien word dat Rian nie naby familie is van enige van die Malans wat in sy boek genoem word nie. Dit is ook interessant dat Rian se vader in 1987 stambome van Rian en sy broer, Neil Stephanus, aangevra het en dat Rian na alle waarskynlikheid in besit van sy eie stamboom is.

# Akademiese Verering

Redaksie het verneem dat UNISA 'n ere-doktorsgraad (D.Bibl) in biblioteekkunde in 1990 aan prof S I Malan toegeken het. Kort hierna het die S.A. Akademie 'n buitengewone erepenning in biblioteekkundé aan hom toegeken. Bestuur en lede van die Bond wil hul opregte gelukwense en waardering aan prof Malan oordra met die puik prestasie. Dit moet sekerlik die seël op sy jarelange prestasievolle beroepsloopbaan plaas!

# Mallan-boeke te koop

Van die Uitgeverij Bolier te Elspeet is 'n pryslys van die volgende boeke van ds Mallan ontvang:

De Opperste Wijsheid ....................R30
Het woord des levens.....................R50

Die boeke kan direk van ds Mallan se seun bestel word:

Mnr J J Mallan Beatrixstraat 58 3901 DG Veenendaal NEDERLAND of van Dr H M Malan Posbus 7128 Blyvooruitsig 2504.

## Geskiedkundige Malan-byeenkoms

Hercules Malan, organiseerder van die toer na die bakermat van die Malans in September 1991, het op 6 Mei 'n telefoonoproep van Desmond Baker van Salt Lake City ontvang. Desmond lei 'n groep van 12 Amerikaanse Waldensiese afstammelinge, waaronder Malans, in September op 'n toer na Piedmont. Aangesien die Centro Culturale Valdesi hulle reeds bereid verklaar het om 'n byeenkoms van die Suid-Afrikaanse Malans saam met Italiaanse Malans te reël, het Hercules en Desmond ooreengekom dat die Amerikaners die geleentheid sal bywoon. Hierdie geskiedkundige byeenkoms van Malans uit 3 kontinente sal D.V. op Maandag 23 Sepgember 1991 te Torre Pellice plaasvind.

Op 21 Junie 1991 het Hercules Malan, bevestig dat Francois Malan en sy eggenote Bee van McGregor, ook by die Malan-toergroep aangesluit het. 'n Hartlike woord van verwelkoming word aan beide van hulle gerig, en die vertroue word uitgespreek dat hulle dit terdeë sal geniet.

## Malan-boek in wording

Volgens Fanie Malan van Pretoria het hy reeds ver gevorder met die versameling van gegewens oor die "Vondeling-Malans". Hierdie Malans is afstammelinge van Jan Hendrik Malan (b6c3d9e6 in "Die Malans van S.A.") wat op die plaas Vondeling in die Wellington-distrik geboer het. Fanie doen 'n beroep op afstammelinge van Jan Hendrik Malan en enigiemand wat besonderhede oor sy nageslag (in die manlike en vroulike lyn) het, om hom te kontak.


Waarin hy veral belangstel is om te weet wie die persoon was/is. Bv. skoolopleiding, tersiêre onderwys (grade, diplomas, ens; jaar en plek), sy beroep — waar en wanneer beoefen; prestasies — sy huwelik en ouers van eggenotes. Ook hulle beroep, opleiding en geaardheid, ens. Enigiets wat die persoon tipeer en verbesonder. Voorts stel Fanie belang in siektes, liggaamgesteldhede, en oorsake van dood, aangesien dit mag wys op familiekwale!! (Skrywe direk aan Prof. S I Malan, Perseuslaan 142, Waterkloofrif, Pretoria 0181. Sy telefoonnommer is 012-464963).

## 48 jaar getroud

Dit is vir die Bestuur 'n aangename voorreg om mnr J D (Japie) Malan en sy eggenote Alice Ida van Silvermyndorp 109, Noordhoek, Kaap van harte geluk te wens met hulle 48ste huweliksherdenking wat op 15 Mei 1991 gevier is. Ná wat verneem word, was die egpaar vereer met die teenwoordigheid van drie van hulle kinders, naamlik, Pierre (PE), Maurice (Toronto, Kanada) en Jacqueline (Bulawayo). Bestuur en bondslede wil die hoop uitspreek dat hulle deur die liefdevolle genade en seën van Jesus Christus, nog baie geluk, goeie gesondheid en voorspoed sal geniet. Mag hulle gespaar bly om daardie wonderlike halfeeu-huweliksherdenking te vier.

# Brief van die verlede

In Maart 1887 het die Malans in Wellington, 'n brief aan hul naamgenote in Engeland geskrywe. Die besondere brief is eventueel deur 55 Malans onderteken, waaronder David Johannes Malan, regs. (Vgl. b6, c3, d9, e3 — p68 van 'Die Malans van Suid-Afrika' en die 'Malan — Gedenkboek' — p.56). Die inhoudelike van die onderhawige brief was ook in die 'Malan-Gedenkboek' — pp 110-113 opgeneem. Vir die lede wat nie oor 'n eksemplaar van die Gedenkboek beskik nie, kan foto-afdrukke van die brief wat uit ses (6) getikte bladsye bestaan, teen 'n bedrag van R2,20 (posgeld ingesluit) van die voorsitter bestel word. *Ons dank gaan aan Alet Malan van die Hugenote Museum in Franschhoek, wat die foto goedgunstiglik beskikbaar gestel het.* RED.



*David Johannes Malan (30/12/1808 — 11/5/1894)*

☆ ☆ ☆

## Transvaalse Malan-sterfkennisse gebind

Die sterfkennisse van Malans in die Transvaalse Argief vir die tydperk 1873—1963 sal binnekort gekopieer en gebind word. Daar is altesaam 369 van die dokumente en die koste sal R150 per eksemplaar wees. Belangstellendes moet asseblief vir Hercules Malan skakel (tel. 01491-99843). Hierdie aanbod is primêr bedoel vir diegene wat self navorsing doen. Afskrifte van individuele sterfkennisse uit al die provinsies kan teen R3,00 elk van Hercules bestel word. U kan ook by hom navraag doen oor watter van u voorouers se sterfkennisse beskikbaar is. Onthou asseblief net om u volle name en geboortedatum of genealogiese nommer te verskaf. (Dr H M Malan Posbus 7128 Blyvooruitsig 2504).

# Nuwe lede

'n Verdere ses lede het in die tussentyd by die Malan-Familiebond aangesluit. Dit is vir die Bestuur voorwaar 'n baie groot voorreg om hulle in die geledere van ons Bond te verwelkom. Ons hoop en vertrou dat u en u families nie net gelukkig by ons sal wees nie, maar inderdaad deel sal hê in die verstewiging en uitbouing van die Bond. Nogmaals 'n hartlike verwelkoming aan:-

Claude Victor Malan
Privaatsak X351
Pretoria 0001

Francois Benjamin Malan
Hoflaan 8
Stellenbosch 7600

Johannes Nicolaas Malan
Rietfontein
Dist Fort Beaufort 5720

Eleonora Hugo (Malan) van Heerden
Denheath nr 4, Rosemountlaan,
Oranjezicht, Kaapstad 8001

Johannes Nicholas Malan
Kiewietjielaan
Melkbosstrand 7441

David Johannes Malan
Posbus 182
Port Alfred 6170

Die redakteur wil sy dank en waardering teenoor J D (Danie) Malan van Pretoria; J N (Jëan) Malan van Stellenbosch en ds D J (Danie) Malan van Bloemfontein, uitspreek vir hulle ywer met die bekendstelling/werwing van nuwe bondslede. In die Herfs uitgawe het ons verwys na die drie Malan-broers: D E (Bloemfontein); D J J (Roodepoort) en A L (Queensborough, Durban) wat by die Familiebond aangesluit het. Met die aansluiting van David Johannes Malan van Port Alfred, vorm hy nou ook 'n driemanskap met sy twee broers J D (Japie) van Noordhoek en J S (Scholtz) Malan van Somerset-Wes wat reeds lede is. J N (Jëan) Malan van Stellenbosch se verbintenis met die nuwe bondslede is: Dr F B Malan, Stellenbosch (Broer); J N Malan, Melkbosstrand (Seun) en J N Malan, Fort Beaufort (Neef).

## Lag saam ...

'n Politieke agitator spreek 'n groep mense toe.

"Kamerade, na die eerste vyfjaarplan sal elke Sowjet-burger 'n fiets kry, na die tweede 'n motorfiets, na die derde 'n kar en na die vierde 'n klein vliegtuig."

"Kameraad agitator waarom het ons 'n vliegtuig nodig?" "Wat bedoel jy, waarom? Stel jou voor, jy woon in Odessa. Skielik hoor jy dat daar suiker in Leningrad is, en dat dit nie nodig is om tou te staan nie. Nou ja, julle klim eenvoudig in die vliegtuig en vlieg na Lenigrad en in een uur is julle weer tuis met die suiker."

☆ ☆ ☆

## Bondslid tree af

Dit is vir Bestuur 'n aangename voorreg om ds H P Malan van Dersley van harte geluk te wens met sy aftrede DV einde Junie 1991. Gods rykste seën word hom en mev Malan toegebid vir 'n baie gelukkige en voorspoedige rustyd.

Na wat verneem word gaan die Malans hulle te Loeryn nr 1, Youngstraat 6, Die Strand vestig. Hoop u is baie gelukkig in dié mooi deel van ons land.

Redaksie wil van die geleentheid gebruik maak om ds Malan te bedank vir sy bereidwilligheid om die Bond te help met die werwing van nuwe lede asmede 'n ondersteunende rol in die Wes-Kaap te vervul. Ons benodig beslis u geesdrif en professionele hulp dominee!

# Malans in die Media

## Waardevolle Pierneef gesteel

'N WAARDEVOLLE Pierneef-skildery is vermoedelik oor die Paasnaweek uit die woning van wyle dr. D.F. Malan, voormalige Eerste Minister van Suid-Afrika, op Stellenbosch gesteel.

Die skildery, een van Pierneef se vroeëre werke, het volgens dr. Malan se seun, mnr. Hannes Malan, in die sitkamer van die huis Môrewag in Verreweidestraat gehang.

Die skildery, wat 'n bosveldtoneel uitbeeld, is in die jare twintig of dertig geskilder.

Die skildery se versekeraars het die hulp van 'n versekerings-waardeerder ingeroep om die waarde daarvan te bepaal. Volgens die waardeerder is daar baie min inligting oor die skildery beskikbaar, wat sy taak aansienlik bemoeilik.

Hy het gesê die afslaers Sotheby raam die waarde van die skildery op tussen R25 000 en R60 000, afhangende van onder meer die tydperk en die styl waarin dit geskilder is.

Mnr. Malan, 'n verslaggewer by Die Burger, susterkoerant van Beeld, het gesê die skildery is vermoedelik oor die Paasnaweek gesteel toe hy gewerk het en dus nie tuis was nie.

*Beeld 15-5-91*

*...Redaksie het telefonies met Hannes Malan, in die Kaap gesels. Volgens hom het die dief die skildery saam met die hakie waaraan dit gehang het, verwyder. Moontlik het hy gedink dat dit dan nie so gou opgelet sou word nie. Dit dui op 'n besondere motief. Hannes het 'n foto beskikbaar gestel, maar dis nie geskik vir plasing nie. Die Bestuur en bondslede spreek hulle opregte spyt uit en vertrou dat die skildery weer teruggevind sal word!!*

**GISTER 75 JAAR GELEDE**

### Uit de Praathuis

Maar kijk. agtermiddag was dit nou daarom die moeite werd om die sitting in die Praathuis bij te woon. veral vir 'n Afrikaner. Partij keer het mijn hart sommer so skoppelenmaia gerij als ik hoor hoe daar deur die Nasionaliste gepleit word vir mijn taal. Die aanleiding van die diskussie was 'n mosie van mnr. Charlie Malan ... Meneer Malan het namelik voorgestel dat die gelijke taalregte in werkelikheid moet gehandhaaf worde. en dat die ambtenare instruksie moet krij om die publiek te beantwoord in die taal waarin hulle aangesproke word ...

— Uit De Burger. 5 April 1916.

*Beeld 5-4-91*

## Wit Matie as 'n Xhosa ingewy

FORT BEAUFORT. — 'n Blanke 26-jarige student aan die Universiteit van Stellenbosch. mnr Jaco Malan. het volgens Xhosa-tradisie die rituele ondergaan wat hom sal inwy tot manlikheid en volwassenheid

Mnr. Malan. wat in die distrik Bedford gebore is. het na die streek van sy kinderjare teruggekeer om te voldoen aan Xhosa-inisiasiepraktyke soos talle jong swartmans.

Verslaggewers het mnr. Malan in 'n hut. wat hy met vyf swart jeugdiges deel. aangetref. Hy was met naaldwerk aan 'n tradisionele kombers doenig met 'n Xhosa-woordeboek byderhand.

Nadat die groep hul opleiding van ses maande "in die bos" voltooi het. sal mnr. Malan kragtens Xhosa tradisies gereed wees om te trou. — (Sapa-Reuter.)

*Beeld 7-12-1990*

# Nuusbrief-reaksie!!

**MNR J D (JAPIE) MALAN** — *Silvermyndorp 109, Noordhoek, Kaap:* Dankie vir die nuusbrief wat ek besonder interessant gevind het. Geluk! Ek is seker dat dit die lidmaatskap ten goede sal beïnvloed; met ongeveer 7 000 Malans in SA behoort daar groter belangstelling te wees.

Dankie vir jou verslag van PETRONEL MALAN. Hoe wonderlik om op so 'n jeugdige ouderdom reeds soveel prestasies van wêreldformaat te behaal! Ou dr D F het altyd vir my gesê: "Japie, ek kan nie verstaan dat 'n Malan musikaal kan wees nie. Ek weet nooit of hulle God save the Queen of die Stem speel nie want ek het geen oor vir musiek nie." As hy maar lank genoeg kon geleef het om vir haar te hoor dan sou hy miskien anders gepraat het, want daar is sommer baie musikale Malans in die land.

**PROF. S I MALAN** — *Perseuslaan 142, Waterkloofrif, Pretoria:* Baie geluk met die jongste en tweede uitgawe van MALAN-Familiebond. Dis inderdaad 'n mylpaal in die Malan-geskiedenis dat ons nou oor so 'n praguitgawe beskik. Jy sal die eerste wees om te erken dat daar nog baie tekortkominge aan verbonde is, maar die klein aantal lede van die Bond en die koste van produksie in aanmerking, is dit werklik 'n besondere prestasie. Ons is almal baie trots daarop!

Graag ontvang ek soveel afdrukke daarvan as moontlik sodat ek dit vir die werwing van nuwe lede kan gebruik.

**MNR JËAN N MALAN** — *Jonkershoekweg 90, Stellenbosch:* Ek wil u baie graag felisiteer ('n ou vriend van my het altyd dié woord gebruik as blyk van besondere waardering) vir die tweede nuusbrief sopas ontvang. Ons is baie dankbaar dat u hierdie taak onderneem het en ons vertrou dat daar nog **vele** nuusbriewe sal wees. Die kwaliteit van u styl en nuusdekking is besonder hoog en die papier en foto's is werklik van gehalte. Beter as enige ander "familiebriewe" wat ek ken.

**Ds H PMALAN** — *Toriumstraat 14, Dersley:* Dankie vir die omsendbrief - ek het dit geniet. Die geesdrif van dr Hercules Malan is waarlik 'n inspirasie. Jy kan gerus vir diegene wat gaan toer vra om aantekeninge te maak wat hulle dan in die nuusbrief met ons wat nie kan saamgaan kan deel! Ek tree DV Junie maand af en ek sal dan meer tyd hê om suggesties uit te dink hoe om meer lede te werf en hoe om die Malan-volkie te inspireer om meer in mekaar belang te stel.

**MNR DAVID J MALAN** — *Posbus 182, Port Alfred:* Baie dankie vir jou brief en u vriendelike uitnodiging om by die Malan-Familiebond aan te sluit. Die uitgawe van die nuusbrief blyk interessant en ek vertrou dat toekomstige uitgawes aan my gestuur sal word.

**Dr HERCULES M MALAN** — *Posbus 7128, Blyvooruitsig:* Ek glo dat die grondslag van die Familiebond nou stewig gelê is en dat ons in die toekoms sal groei. Die sleutel tot groei is die volgehoue hoë standaard van die nuusbrief en projekte wat in die toekoms aangepak sal word. Ek moet jou weer eens gelukwens met die Herfs uitgawe!

**MEV ELEONORA HUGO (MALAN) VAN HEERDEN** — *Denheath 4, Rosemountlaan, Oranjezicht, Kaapstad:* Dit was met groot dankbaarheid en opwinding wat ek'n week gelede u twee koeverte ontvang het. Ai, hoe dankbaar trots is ek op die geskenk van die skryfpapier en koeverte! Hartlik dank daarvoor en ook vir die nuusbriewe met die interessante gegewens. Hierby sluit ek my intekenvorm en ledegeld in.

In my hart en siel bly ek wat ek is, 'n dankbare afstammeling van 'n familie wat alles vir hulle geloof feil gehad het, en ons twee ouers wat ons drie susters so opgevoed het. Aangesien ons Pappie se geslag sal uitsterf omdat ons nie 'n broer gehad het nie, verneem ek graag of ons kinders nog die Malan-stempel kan dra en wat van ons kleinkinders? Ons familieseël is so pragtig in kleur op die Simonsig-wynglasies. Is dit moontlik dat ons êrens in die toekoms so'n seël kan kry wat ons kan raam? Die leuse is so besielend. Dr Pama het my telefonies meegedeel dat ek met vrymoedigheid in die biblioteek 'n afdruk van die seël kan laat maak, maar ek kon nie 'n kleurafdruk teëkom nie. Ek sal baie graag die boekie "The Malan De Merinodol" 1840-1845 deur Henry Victor Malan, wil besit. Ons vertrou 'n herdruk sal moontlik wees.

Mense, is my hart brandend oor daardie toer na die bakermat van die Malans! Ek kan my net in gees daarin verlustig en gretig uitsien na die nuusbriewe wat ons daarvan sal vertel. My seënwense vergesel u en mevrou en elkeen wat die voorreg het.

'n Laaste gedagte: Kan ons as so'n groot familie nie asseblief ernstig in gees saam bid vir ons Staatspresident en regering vir wysheid en leiding en dat ons Vader ons weer vrede en orde uit die chaos skep nie? Die krag van gebed is mos onpeilbaar en ons **is** mos kerngesonde gelowiges!


Hartlike groete en seënwense op die lofwaardige onderneming.

**MNR JOHANNES NICOLAAS MALAN** — *"Rietfontein", Dist. Fort Beaufort:* Dit is met groot waardering dat ek aan uself, asook Neef Jëan, dankie sê vir die aangename voorreg om ingesluit te kan word in die familie-kring. Tans is my dae pro-rata toegedeel en te oorvol om te probeer byhou met alle pligte. Hoop om binne drie jaar "af te tree", moontlik in Port Elizabeth-omgewing kom woon, en dan sal ek aktief en effektief kan betrokke raak en van waarde wees!

*Redaksie wil sy opregte dank en waardering aan elkeen van u uitspreek vir die vriendelike en inspirerende briewe. Dis werklik 'n riem onder die hart.*

*'n Spesiale woord van dank aan mev Van Heerden vir haar bemoedigende en onbaatsugtige boodskap. Ons as bondslede kan gerus hieraan gehoor gee!!! Haar navraag oor haar kinders/kleinkinders, geniet die aandag van dr Hercules Malan. Mev Van Heerden skrywe dat sy die noemnaam Eullie dra en dat sy so deur haar naaste dierbares aangespreek word. Uit dié lekker geselsbriewe en telefoongesprekke wat redaksie met haar gehad het, is die indruk gelaat dat sy een van die Bond se grootste ondersteuners gaan word. Ons neem dus die vrymoedigheid om haar Eullie te noem.*

*Van die briewe is weens beperkte spasie verkort!!*



# VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR

Dagsê bondslede,

Dit het nogal sy voordele om die laaste sê te hê: Veral as dit gaan oor 'n nuwe gees van belangstelling onder ons bondslede. Graag wil die redakteur sy opregte dank betuig teenoor bondslede wat berigte, artikels en foto's ingestuur het. Dit het die publikasie van die Winter uitgawe moontlik gemaak. Dit word vertrou dat u sal voortgaan om redaksie op hierdie wyse te ondersteun. Geen bydrae is te gering om geplaas te word nie. Selfs gesonde kritiek sal ons in staat stel om gestelde standaarde te handhaaf en daarop te verbeter.

Redaksie wil dan ook 'n vriendelike versoek aan elke bondslid rig om in die LIEF EN LEED van ons Malans te deel deur bydraes te voorsien rakende:

- Huweliksherdenkings: eie/van ouers/ grootouers/kinders/kleinkinders.
- Sport-/akademiese prestasies: eie/kinders/ kleinkinders.
- Interessante staaltjies.
- Gediggies/rympies.
- 'n Malan-byeenkoms, hetsy familie of vriende.
- Foto's wat 'n verhaal/insident vertel.
- Afsterwe van 'n geliefde of 'n familielid.

'n Besondere dankwoord aan Dr Hercules Malan vir die sewe berigte wat hy beskikbaar gestel het. Verder is dit 'n voorreg om hom van harte geluk te wens met die uitmuntende prestasie wat hy behaal het deur voltooiing van die Twee Oseane Marathon in Maart vanjaar. Hercules is beslis 'n inspirasie vir ons almal. Ons wil hom baie voorspoed toewens met sy besige program.

Redaksie se opregte dank gaan ook aan ons medewerkers — prof. S.I. (Fanie) en D.J. (Danie) Malan in Pretoria vir hulle bydraes, en bereidwilligheid om die werwing van nuwe bondslede te onderneem. Ofskoon werwing van bondslede nie formeel uitgespel word nie, bly dit elke lid se verantwoordelikheid om hiertoe 'n bydrae te lewer. Dit is van kardinale belang dat soveel Malans as moontlik by hierdie "familie-projek betrek word.

Finansies is ewe eens net so 'n belangrike faktor ter bereiking van gestelde doelwitte. Ongelukkig is daar nog lede wat agterweë bly om hulle ledegeld te betaal. Produksiekoste van die Malan-nuusbrief is opsigself hoog en elkeen se geldelike bydrae is dus meer as welkom. Die saldo van die Malan-Familiebondfonds is huidig R881,06.

Vir algemene inligting word bekend gemaak dat daar slegs 'n beperkte aantal Malan-Gedenkboeke (1951) beskikbaar is. Hierdie gesogte stukkie Africana is beslis 'n moet in elke Malan se boekrak. Teen R35,00, posgeld en verpakking ingesluit, kan u nou die trotse besitter hiervan word. Wees verseker dat 'n herdruk buite die kwessie is.

Malan-skryfbehoeftes wat uit A5-skryfblokke en koeverte bestaan, is intussen aangevul met A4-grootte Malan-Familiebond briefhoofde. Dit is van "Lord Ariston Grey"-papier en skakel pragtig in by die bestaande Malan-koeverte. Die briefhoofde kan teen 40c per kopie in pakkies van twintig, dertig of meer van die voorsitter bestel word. 'n Kopie hiervan word gratis by elke nuusbrief ingesluit.

Op kulturele vlak het ons 'n genotvolle aand saam met bondslid Pierré Malan en sy seun David in Port Elizabeth deurgebring. Dit was by geleentheid van die 25ste Herdenkingskonsert van Musica Rara, wat deur KRUIK op 12 Mei 1991 in die stadsaal aangebied is. Pierré wat lid van die Musica Rara-kwartet is, het as alt-violis opgetree. Ná afloop van die konsert was daar gesellig verkeer met die kunstenaars.

Tydens 'n besoek aan hulle dogter Edith Buchanan in Port Elizabeth, het David en Mollie Malan van Port Alfred, tyd ingeruim om nadere kennis met ons te kom maak. Dit was 'n aangename besoekie waartydens die komende Malan-toer in oëskou geneem is. 'n Gees van afwagting en opwinding is reeds by ons te bespeur.

Die redakteur het ook die afgelope tyd, telefonies met verskeie bonds- en niebondslede gesels. Hieruit het 'n behoefte na vore gekom vir die groter bekendstelling van die familiebond. Vir dié rede word dit ten doel gestel om 'n aantal berigte in koerante te laat plaas ten einde die bestaan van die Bond so wyd as moontlik onder Malans bekend te stel.

'n Verdere Malan-projek is in wording, naamlik om met ons Engelse-naamgenote kontak te maak. 'n Vriend van die redakteur in Londen is tans besig om adresse van Malans te bekom, waarna daar met diesulkes kontak gemaak sal word.

Nogmaals baie dankie vir u ondersteuning. U verdere bydraes word graag ontvang.

Seënwense

J C Malan

Opgestel en uitgegee deur J C Malan
Voorsitter van die Malan-Familiebond

# KEN U DIE ANDER TWEE?




*MONTAGU — 1954: OP DIE FOTO STAAN WYLE DR D F MALAN, TUSSEN TWEE MALAN-PREDIKANTE: KAN U REDAKSIE HELP OM HULLE TE IDENTIFISEER! Met komplimente aan J L (Hannes) Malan, seun van wyle dr Malan, vir die beskikbaarstelling van die besondere foto.*

## Hercules voltooi Twee Oseane

Die Twee Oseane Marathon van 56 km is op Saterdag 30 Maart deur Hercules Malan in 'n tyd van 5 uur 49 minute voltooi. Hercules vertel dat dit 'n besonder warm dag in die Kaap was en dat die hitte hom gekortwiek het. Hy was egter gelukkig genoeg om reeds by die waterpunte verby te wees toe die water opraak en huiseienaars langs die roete die atlete van water moes voorsien.

## Ds Mallan se skoonseun oorlede

Uit Nederland is berig ontvang van die oorlye van Jan Verboom, skoonseun van ds Frans Mallan, op 10 Maart 1991. Die bestuur en lede van die Malan-familiebond wil hiermee hulle medelye met Dingena Verboom-Mallan en haar 6 kinders betuig.

## Regstelling

In die Herfs uitgawe van die Malan-nuusbrief, word mnr Danie Malan verkeerdelik aangehaal as die Bond se Amptelike Bioloog i p v Amptelike Biograaf. Verskoning word gemaak vir hierdie oorsig. — *RED.*